Geagte VPU lede

Terugvoer na aanleiding van VPU Algemene Jaarvergadering gehou 20 Junie 2020.

Graag wil ek almal bedank vir n goeie en positiewe vergadering. Ek wil net n paar hoof punte aan almal deurgee. Cor in besig met die notule en sal dit deurgee so gou moontlik.

1. Bestuur van die VPU is bekragtig en die bestuur is verkies soos reeds aan julle deurgegee by n vorige geleentheid. Dankie vir jul vertroue in die bestuur.
2. Daar word eenparing besluit om weer die naam Vaal Posduifunie (VPU) terug te neem.
3. Bestuur het besluit om nie honorariums te vat die jaar nie.
4. Opsie 1 en 2 word aanvaar.
5. Wedvlug program ooreengekom ingesluit by die e-pos. Daar gaan geen pret wedvlug wees nie. Elke lid moet seker maak sy of haar duiwe is reg op die klok.
6. Ons gaan nie aan die “combine” wedvlugte deelneem nie, aangesien ons oefenduiwe ook los op wedvlugpunt en ons gouer afstand wil kry.
7. Gelde betaalbaar einde Junie, VPU ledegeld, Gauteng Provinsie geld en SANPO geld. R250+R50 +R80 (R380.00). Dan word die res van die geld opgedeel in 3 paaiemente betaalbaar einde Julie, Augustus en September.
8. Voorlopige aanvangsdatum van die program is die 18de Julie.
9. Alle dokumentasie moet steeds voltooi word in meervoud. ‘n Kopie moet aan die Unie Wedvlugsekretaris gestuur word eerste aand van laai. Pokke en paramyxo inligting ingesluit.
10. Mandjie toedeeling sal geskied na gelde vir Junie betaal is. Almal moet asb hul voledige ledelyste en ringbestelling instuur na Cor van der Merwe.
11. Die persone wat aangedui het hulle wil vlieg sal verantwoordelik wees vir die koste van die 56 mandjies. Die koste per span sal bereken word sodra ons die volledige lyste vanaf die klubs ontvang het.
12. Die oefenmandjies is R1250 per mandjie. (onderhewig aan abnormale styging in diesel)
13. Niekie Peters word aangestel as Voorsitter van die doping komitee. Daar moet die jaar slegs 1 toets per organisasie gedoen word, aangesien dit n abnormale jaar is.
14. VPU veiling wedvlug word gekanselleer. Persone wat duiwe van ander duiweboere gekoop het, kan self met hulle onderhandel oor die betrokke duiwe.
15. Gelde wat reeds aan Unie betaal is, kan terug betaal word, of kan in die unie le as n krediet.
16. Die broeiduiwe wat op die veiling gekoop is van Naas Rautenbach is steeds betaalbaar teen einde Augustus.
17. Die Derby word ook afgestel. Die ekstra geld, per ring, van aan die unie betaal is, sal aan die klubs terug gegee word.
18. Die PD wedvlug word ook gekanseleer, in die geval sal elke persoon wat PD ringe gekoop het, dieselfde aantal ringe gratis kry die jaar. Daar sal dan vir die prysgeld gevlieg word volgende jaar. Persone wat nie die jaar PD ringe gehad het nie, kan steeds die jaar aankoop.
19. Die Big 5, JO nasionaal en Ope nasionaal word ook gekanselleer.
20. Daar gaan geen jaareindfunksie die jaar weer nie. Daar sal slegs n Unie veiling gehou word. Die datum sal so gou moontlik na almal deurgegee word.

Dankie aan almal.

Sterkte vir die jaar en bly gesond.

VPU BESTUUR